VOLKSBLAD, Motors
Thursday, 26 April 2007, p. 5

Panda ná weke op die pad nog nie pootuit

Poolse avonturiers pak groot toer aan met een van kleinste 4X4's

DIT is seker die grootste avontuur wat 'n mens vandag nog met 'n motor kan beleef, maar dié twee Poolse avonturiers pak dit met een van die kleinste 4x4's denkbaar aan.

Die Pole met die onuitspreekbare name Jolanta Czupik en Dominik Stoklosa toer in skaars ses maande al die pad van Gdañsk af deur Europa, al teen die weskus van Afrika af tot by Kaapstad, waarna hulle weer teen die ooskus gaan opkruie totdat hulle deur Turkye en Rusland in Pole aankom.

Dit alles met 'n Fiat Panda-4x4.

Kaapstad, waar die twee avonturiers onlangs aangekom het, is ná 32 000 km op die pad omtrent halfpad vir hul ses maande lange toer van 70 000 km. Sedert hulle Pole op 18 Januarie verlaat het, het hulle reeds deur 14 lande gereis. En ná 'n warm bad, 'n sagte hotelbed en 'n goeie meganiese diens vir hul Panda, is hulle weer reg om Afrika al die pad terug aan te pak.

Op hul tog sover het hulle Duitsland, Frankryk en Spanje, toe Marokko, Mauritanië, Mali, Niger, Nigerië, Kameroen, Gaboen, die Kongo-Brazzaville, die DRK, Angola, Namibië en eindelik Suid-Afrika aangedoen.

Nou wag Botswana, Mosambiek, Tanzanië, Uganda, die Soedan, Egipte, Jordanië, Sirië, Turkye, Rusland en die Oekraïne voordat hulle eindelik weer terug tuis is.

Hul enigste teenspoed tot dusver, ondanks al die kilometers wat hulle al met hul 1.3 liter-turbodiesel Panda afgelê het, was die aansittermotor wat aan die brand geslaan het. Dié voorval het in die Cabinda-enklave in Noord-Angola plaasgevind. Die Panda moes toe deurdruk tot by Kinshasa, waarheen Fiat vir hulle onderdele verskeep het. Hulle het dit self ingesit en kon toe voorttoer.

"Dis die ding met so 'n toer wat jy sonder 'n ondersteuningsgroep aanpak," het hulle in die Kaap gesê. "Jy's sommer self die werktuigkundige, die elektronika-boffin, die fotograaf, bestuurder, navigator . . . alles in een."

En die slegste paaie? Beslis dié in Angola. Omdat hulle net 'n sewedaagse visum kon kry, moes hulle laat wiel op die paaie, soms tot 17 uur per dag. Maar dit was verskriklik slegte paaie, sê hulle.

Hulle moes ook die hele tyd snags in 'n tent langs die pad slaap, want tyd vir blyplek soek op 'n dorp was daar nie.

Op hul tog het hulle sover reeds 466 uur agter die stuurwiel gesit (dis 19 volle dae).

Die Panda het 1 687 liter diesel gesluk teen 'n gemiddelde verbruik van slegs 6,2 liter/100 km.

In die Kaap gaan die Panda net 'n paar nuwe bande, lug- en oliefilters kry en dan is hy weer reg vir die terugtog.





JOLANTA CZUPIK en Dominik Stoklosa.